# REDAKSIONEEL

## 1. Statute van die G.T.V.

Die papier waarop prof. S. du Toit (voors.) en dr. K. S. van Wyk de Vries (sekr.) in Maart 1958 die Statute vir 'n te stigte G.T.V. gesirkuleer het, het seker al vergeel en vergaan. Hulle inisiatief het egter in die G.T.V. gerealiseer en die ideaal wat skaamskaam t.o.v. 'n eie teologiese tydskrif gekoester is, het ook nie agterweë gebly nie. In die Skriflig is reeds 'n volle sewe jaar oud! Ons kan getuig dat die Here die G.T.V. en die blad geseën het en ons vertrou ook tot 'n seën in wyer verband stel.

Enkele kere is reeds navrae by die Hoofbestuur gedoen na die statute. Gevolglik publiseer ons dit in hierdie uitgawe. 'n Enkele verandering wat die Jaarvergadering in 1971 aangebring het, is redaksioneel aangebring. Verder vestig ons die aandag daarop dat 'n artikel soos 6.1.3. regstreeks deur die takke op hulle byeenkomste toegepas word.

STATUTE VAN DIE GEREFORMEERDE TEOLOGIESE VERENIGING

1. *Naam:*
   Die naam van die vereniging is: *Die Gereformeerde Teologiese Vereniging.*
2. *Grondslag:*
   Die grondslag van die vereniging is die Heilige Skrif en die drie Formuliere van Enigheid.
3. *Doel:*
   Die doel van die vereniging is die bestudering van teologiese vraagstukke en meer in besonder die uitbouing van die Gereformeerde Teologie.
4. *Middele:*
   Die vereniging trag sy doel te bereik deur middel van:
   4.1. Gereelde bespreking van teologiese vraagstukke.
   4.2. Bevordering van wetenskaplik-teologiese publikasies.
   4.3. Die uitgawe van 'n teologiese blad, selfstandig of as onderdeel van 'n bestaande blad.
5. *Finansies:*
   Vir die geldelike behartiging van sy sake het die vereniging inkomste van:
   5.1. ledegeld van die gewone en buitengewone lede wat van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur met goedkeuring van die Algemene Ledevergadering vasgestel word;
   5.2. donasies van simpatieke persone en ligame.
6. *Organisasie:*
   6.1. *Lidmaatskap:* Toetrede tot die vereniging geskied deur ondertekening van die statute. As lede word toegelaat:
      6.1.1. die lede van die Senaat van die Teologiese Skool en die doserende lede van die Fakulteit van Teologie aan die P.U. vir C.H.O.;

6.1.2. lidmate van die Gereformeerde Kerk wat minstens kandidaatseksamen in die teologie afgelê of 'n teologiese graad behaal het;

6.1.3. ander lidmate van die Gereformeerde Kerk wat op voorstel van minstens twee lede, deur 'n meerderheidstem op 'n algemene ledevergadering aanvaar word.

6.2. *Algemene ledevergadering:*

6.2.1. 'n Algemene vergadering van lede word minstens eenmaal per jaar gehou op 'n tyd en plek wat deur die Hoofbestuur bepaal word.

6.2.2. Op 'n Algemene Ledevergadering het elke aanwesige lid stemreg.

6.3. *Hoofbestuur:*

6.3.1. Die hoofbestuur word driejaarliks op 'n Algemene Ledevergadering verkies en bestaan uit: Voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en nog twee lede. Vakatures word deur die Hoofbestuur self aangevul.

6.3.2. Die dagbestuur bestaan uit drie lede wat deur die hoofbestuur aangewys word uit sy midde.

6.4. *Studiegroepe:*

'n Studiegroep:

6.4.1. Word gevorm op inisiatief van lede met toestemming van die Hoofbestuur of sy Dagbestuur.

6.4.2. Stel sy eie huishoudelike reglement op en kies sy eie bestuur.

6.4.3. Maak voorsiening vir sy uitgawes deur bydraes van lede of andersins.

6.4.4. Mag onderwerpe vir bespreking aan die Hoofbestuur voorlê, maar hou hom soveel moontlik aan die onderwerp(e) wat van tyd tot tyd deur die Hoofbestuur vir bestudering aanbeveel word.

6.4.5. Stuur die resultate van sy navorsing na die Hoofbestuur wat besluit oor die wyse van publikasie.

6.4.6. Organiseer desgewens saamtrekke van studiegroepe in sekere streke.

7. *Wysiging van statute:*

7.1. Artikel 2 mag nooit verander word nie.

7.2. Ander artikels mag met 'n gewone meerderheid op 'n Algemene Ledevergadering gewysig word, na kennisgewing van minstens een maand aan alle lede.

## 2. Uitverkoopte nommers van „In die Skriflig"

Die administrasie ontvang steeds versoeke van versamelaars, predikante en biblioteke om volledige stelle van voorafgaande jaargange van ons blad. Ongelukkig is verskillende nommers uitverkoop. Die administrasie ontvang graag aanbiedinge t.o.v. die volgende nommers en is bereid om daarvan terug te koop: Nommers: 2, 3, 5, 9, 10, 13, 16, 17, 18, 20.

## 3. Gelukwensing

Op die onlangse gradeplegtigheid van die P.U. vir C.H.O. het twee lede doktorsgrade verwerf, nl. dr. C. J. Malan in die Departement Latyn en dr. M. A. Kruger in die Departement Sendingwetenskap. Die redaksie is dankbaar dat dr. Malan op uitnodiging reeds gereageer het en in hierdie uitgawe kan gevolglik 'n artikel verskyn wat verband hou met sy proefskrif. Ons vertrou dat dr. Kruger en ook ander promovendi op hierdie wyse lesers van *In die Skriflig* sal laat deel in hulle studieresultate wat warm uit die oond kom.